10:30	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW): Alles wat jy oor aansoeke en keuring moet weet	Studente-administrasie	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
11:00	Hoe die US die beste gesondheidspraktisyns oplei	Geneeskunde	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
11:00	Help ander klinkklaar kommunikeer	Spraak-Taal- en Gehoor terapie	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min
11:30	Dieetkunde: Meer as net eetplanne	Menslike Voeding/ Dieetkunde	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
11:30	Sorg geïnkorporeerd	Verpleeg- en Verloskunde	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min
12:00	Vaardighede vir die taak van die lewe	Arbeidsterapie	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
12:00	Bly kalm en strek	Fisioterapie	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min
13:00	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW): Alles wat jy oor aansoeke en keuring moet weet	Studente-administrasie	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
13:30	Hoe die US die beste gesondheidspraktisyns oplei	Geneeskunde	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
13:30	Help ander klinkklaar kommunikeer	Spraak-Taal- en Gehoor terapie	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min
14:00	Dieetkunde: Meer as net eetplanne	Menslike Voeding/ Dieetkunde	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
14:00	Sorg geïnkorporeerd	Verpleeg- en Verloskunde	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min
14:30	Vaardighede vir die taak van die lewe	Arbeidsterapie	Lesingsaal 11, Onderwysgebou	20 min
14:30	Bly kalm en strek	Fisioterapie	Lesingsaal 12, Onderwysgebou	20 min

Bykomende aanbiedinge

Young Minds-program

'n Nege maande lange loopbaangerigte oorbruggings-jaarprogram wat deur die Universiteit Stellenbosch gesertifiseer is en belooft om skoolverlaters toe te rus met die vaardighede, kennis en ingesteldheid om hulle volgende hoofstuk – verdere studie, die werksêreld en die lewe – beter voorbereid aan te pak. Vind meer uit deur die inligtingsessies by te woon en ontmoet die span op die Rooiplein om antwoorde op jou vrae te kry.

Tyd	Titel	Fakulteit Eenheid	Lokaal	Tydsduur
09:00 10:00 11:00 12:00	Young Minds-program	Stellenbosch Bestuurskool-BO	Jannaschsaal, US Konservatorium	30 min



Universiteit Stellenbosch Biblioteek

Maak seker dat jy nie 'n toer deur die Universiteit Stellenbosch Biblioteek misloop nie. Dit vind plaas enige tyd tussen **9:00 en 14:00**.

Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek

Besoek die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek op die Tygerbergkampus. **Oop: 10:00-16:30**

'SU Advantage'

'SU Advantage' is 'n revolusionêre aanlyn aanvullende opvoedkundige platform wat deur die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie geskep is. Dit bied bykomende opvoedkundige ondersteuning en tutorskap aan leerders in graad 10, 11 en 12.

Ons platform kombineer kort, effektiewe inhoud met interaktiewe opvoedkundige ondersteuning wat gefokus is op die belangrikste onderwerpe wat leerders moet verstaan om in die skool te kan presteer.

Besoek 'SU Advantage' op die Rooiplein (langs die Neelsie-studentesentrum) om meer uit te vind oor die oplossing wat die opvoedkundige ervaring vir hoërskoolleerders regoor die land kan revolusioneer.

Maties Sport en Maties Gimnasium

Maties Sport sal 'n stalletjie op die **Rooiplein** hê (buite Neelsie-studentesentrum, Stellenboschkampus). Loer gerus in om ons sportbestuurders en studente-atlete van die Hoëprestasie-eenheid te ontmoet of om meer oor ons Eenheid vir Ontspanning en 'n Aktiewe Leefstyl en die Maties Gimnasium uit te vind.



Privaat huisvesting

Besoek die volgende verskaffers van privaat huisvesting om die verblyfopsie te kry wat die beste by jou behoeftes pas:

- My Space Residences
- Academia
- CampusKey

Plek: Rooiplein

Ook aangebied:

Ander opleidingsinstansies in Stellenbosch:

- CTU
- Stellenbosch Academy of Design and Photography

Plek: Rooiplein

BELANGRIKE aanlyn hulp- bronne op ons unieke Opedagwebtuiste

**Hoe om aansoek
te doen? 'n
Stapsgewyse gids**



**Boekie oor
minimum
toelatingsvereistes**



**Vakkeuses en
loopbaanvoorligting**



**Fakulteits-
jaarboeke**



**Internasionale
studente en
studente wat
internasionale
kurrikulums volg**



**Universiteits-
en privaat
huisvestingsopsies**



Die studentelewe



**Studiefinansiering
Finansiële bystand
(beurse), studentegeld
en jou betaalplan**





HOE ONS TAALBELEID TOEGEPAS WORD IN LEER EN ONDERRIG

Ons weet dat baie van julle vrae sal hê oor hoe ons Taalbeleid toegepas word, en wat om te verwag. Wanneer ons by Maties oor taal praat, is ons doel om jou te help om 'n veeltaligheidsingesteldheid te ontwikkel.

Ons Taalbeleid is een van die voertuie wat ons gebruik om 'n diverse kampusgemeenskap te ondersteun. Deur die beleid kan ons billike toegang vermeerder; meertaligheid en die waardering daarvan bevorder, en gesonde leer en onderrig fasiliteer.

Die Universiteit Stellenbosch (US) dien ook kontinentale en globale gemeenskappe en daarom het ons onself daartoe verbind om meertaligheid te bevorder deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

In Desember 2021 het die US Raad (die struktuur wat verantwoordelik is vir goeie bestuur sowel as beleidsontwerp en monitering) 'n nuwe Taalbeleid ná 'n uitgebreide konsultasieproses goedgekeur. Die doel van ons Taalbeleid is om taalgebruik regdeur ons instelling te reguleer, te bestuur en te beheer.

Die drie grondbeginsels van die nuwe beleid is gebaseer op ons oortuiging dat:

-  **veeltaligheid 'n hulpbron is;**
-  **taal toegang moet verbreed en jou kans op sukses moet verbeter;**
-  **die beleid en die implementering daarvan gesonde leer en onderrig moet fasiliteer.**



VEETALIGHEID AS 'N INGESTELDHEID

By die US verwys meertaligheid nie net na institusionele en individuele meertaligheid nie, maar ook na veeltaligheid as 'n manier om inklusiwiteit en bewustheid van diversiteit te bevorder. Dit strek verder as die skep van ruimtes en strukture om veelvuldige tale in akademiese, administratiewe en sosiale kontekste te gebruik, of individue se gewilligheid om veelvuldige tale aan te leer. Veeltaligheid weerspieël ook 'n gesindheid, of ingesteldheid wat ons graag by ons instelling wil kweek. As 'n nuwe Matie-student sal jy die geleentheid kry om hierdie ingesteldheid aan te neem en by die kampusgemeenskap aan te sluit om meertaligheid te bevorder.

Jy sal sien hoe ons hierdie ingesteldheid regoor die instelling in die praktyk toepas. By seremoniële geleenthede, soos die verwelkomingsgeleentheid vir eerstejaarstudente en gradeplegtighede, sal Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word. By vergaderings en sosiale byeenkomste sal "trans-taal" voorkom. Dit is 'n mondvol, maar wat dit beteken is dat ons met ander interaksie sal hê met wedersydse respek en verdraagsaamheid vir verskillende taalvaardighede, of waar 'n individu gretig is om addisionele tale aan te leer. In die lesingsale sal dosente, doserende assistente, tolke en jy as student medeverantwoordelikheid neem vir veeltaligheid deur mekaar by te staan om sin te maak van akademiese inhoud.

Wat is transtaal?

'Translanguaging' of transtaal is 'n sambreelterm vir 'n konteks waarin veeltalige persone die linguistiese hulpbronne tot hul beskikking gebruik om met mekaar en met tekste om te gaan om betekenis te skep.

Taalbeleid 2021 in 'n neutedop

VOORGRAADSE LEER EN ONDERRIG

1 Akademiese modules word in een van die volgende taalopsies aangebied:

- Aparte lesings in Afrikaans en Engels (A/E): Alhoewel lesings in óf Engels óf Afrikaans sal wees, sal groepwerk, tutoriale en praktiese sessies studente uit verskeie taalgroepe kombineer. Aangesig tot aangesig-konsultasies met dosente kan in Afrikaans en Engels gevoer word, mits die dosent beide hierdie tale magtig is.
- Beide Afrikaans en Engels word in dieselfde lesing gebruik (A+E): In hierdie lesings word alle inligting in Engels gedeel met opsommings in Afrikaans. As 'n eerstejaarstudent sal hierdie opsie jou toegang bied tot gelyktydige tolking wat óf ter plaatse, óf aanlyn beskikbaar is. Vrae sal beantwoord word in die taal waarin jy jou vraag stel, afhange van die taalvaardigheid van die dosent.
- Slegs een taal (A/E/X): Lesings kan in Engels of een van die ander twee tale aangebied word, mits die dosent en al die studente in die groep akademies vaardig is in die taal wat gebruik word. Waar moontlik, kan gelyktydige tolking in Afrikaans, Engels of isiXhosa aanlyn of ter plaatse aangebied word. Ander leergeleenthede (konsultasies en tutoriale) word in Afrikaans en Engels aangebied, mits die dosent beide hierdie tale magtig is.
- Elke fakulteit moet 'n taalimplementeringsplan vir die volgende akademiese jaar voorleë vir goedkeuring deur die Senaat. Sodra dit goedgekeur is, moet die fakulteit sy plan op die fakulteitswebwerf publiseer. Dié plan dui aan watter een van die bogenoemde drie taalopsies op elke module toegepas sal word. Jy kan jou fakulteit se webwerf besoek om die taalopsies vir elk van jou modules te sien.

2 Leermateriaal

- Alle voorgeskrewe leesstof sal in Engels beskikbaar wees.
- Vorgeskrewe leesstof (gepubliseerde materiaal uitgesluit) sal in Afrikaans beskikbaar wees waar dit redelikerwys prakties moontlik is.
- Moduleraamwerke en studiegids sal in Afrikaans en Engels beskikbaar wees.
- Waar redelik uitvoerbaar en waar 'n behoefte bestaan, kan isiXhosa en ander tale gebruik word om konsepte te versterk.

3 Assesserings en vraestelle

Assesserings en vraestelle word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel, en studente kan dit in óf Engels, óf Afrikaans voltooi.

STUDENTEGEMEENSAPPE

In studentegemeenskappe soos koshuise en pendelstudentegemeenskappe (voorheen bekend as Privaat Studente-Organisasies, of PSO's), moet taal gebruik word om te verseker dat almal ingesluit is en kan deelneem. Gedurende die jaarlikse verwelkomingstydperk in Januarie/ Februarie 2023, moet jy alle inligting verstaan wat met jou gedeel word wat om jou te help om by die kampuslewe aan te pas.

Respek en verdraagsaamheid vir veelvuldige kulture en tale is veral belangrik in hierdie ruimtes. Dit is hoekom studentegemeenskappe ook verplig word om taalimplementeringsplanne in te dien en verslag te doen oor die nakoming daarvan, en beste praktyke.

TAALONDERSTEUNING DEUR DIE TAALSENTRUM

Ons wil hê jy moet sukses behaal en taal mag nooit 'n hindernis wees om dit te kan doen nie. Die US se Taalsentrum is daar om te verseker dat jy toegang ontvang tot 'n verskeidenheid taalondersteuningsdienste hier op kampus. Hierdie dienste sluit lees- en skryfontwikkeling in; taaldienste (wat vertaling, tolking en redigering insluit); en navorsing oor taal en taalgebruik in. Die Taalsentrum bied ook modules in professionele kommunikasie, akademiese geleterdheid en taalwerwing vir Afrikaans, Engels, isiXhosa en Suid-Afrikaanse Gebaretaal aan.

Besoek die Taalsentrum se webwerf by <https://bit.ly/3PvQmj> en sien wat dit bied om jou op jou akademiese reis te kan help.

TAALKLAGTES

Waar die Taalbeleid 2021 nie nagekom word nie, kan klagtes by die huiskomitee of koshuishoof ingedien word. Indien die saak nie op koshuis- of pendelstudentegemeenskapsvlak opgelos kan word nie, kan klagtes na die Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe, Mnr. Pieter Klopper (pwk@sun.ac.za), verwys word, of na die Senior Direkteur: Studentesake, Dr. Kelebogile Choice Makhetha (choicemakhetha@sun.ac.za), geëskaleer word.

In die akademiese omgewing, kan jy klagtes deur jou fakulteit se klagteprosedure indien.

Wat kan jy verwag?

Baie van julle mag dalk ook wonder oor die impak van ons Taalbeleid op jou akademiese lewe en taalgebruik in sosiale omgewings. Skandeer onder vir nog besonderhede.



Die webblad bevat ook 'n infografika wat die praktiese implikasies van die beleid opsom. Om die beleid ten volle te verstaan is dit egter die beste om na die Taalbeleid self te verwys.

Dit behels dat die klagte óf by 'n klasvertegenwoordiger, óf dosent aangemeld, en by die departementshoof opgevolg word. Waar nodig, kan die Visedekaan of Dekaan van die fakulteit ook genader word.

Indien die strukture binne studentegemeenskappe en fakulteite ongeskik is, kan jy jou klagte by die US-ombudspersoon indien vir verdere ondersoek.

Verwys asseblief na die Taalbeleidshersieningswebblad as jy enige vrae het oor die 2021 Taalbeleid.

“Die Taalbeleid en die implementering daarvan word ingelig deur wat redelikerwys uitvoerbaar is. In die praktyk beteken dit dat elke situasie op sy meriete, en faktore soos die aantal studente wat by 'n reëling sal baat, oorweeg sal word; die taalvaardigheid van personeel en studente; en die Universiteit se hulpbronne, rooster en plekbeperkings. Ander bepalende faktore sluit die samestelling van elke klasgroep in wat ook van jaar tot jaar, of selfs van een semester na 'n ander verander, asook onverwagte personeelveranderinge.

Sentrum Vir Studentevoorligting en -ontwikkeling **SSVO**

Ons Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) is daartoe verbind om die US se gemeenskap van sielkundige, ontwikkelings- en ondersteuningsdienste te voorsien in ons strewe om vennote vir sukses te wees.

Ons visie is om 'n sentrum te wees wat toeganklik, inklusief en gefokus op kliënte, met waardes wat gebaseer is op 'n gedeelde menslikheid. Jy sal berading en opvoedkundige sielkundiges, beraders, maatskaplike werkers, sielkunde-interns, studente-assistente, projek/portefeulje koördineerders, 'n psigometris, ondersteuningsbeamptes en administratiewe personeel by ons kantore vind.

Die SSVO bestaan uit vier eenhede wat poog om burgerskap te bevorder deur

welstand en persoonlike agentskap deur hul kernfunksies te fasiliteer. Die SSVO het kantore op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus.

Stellenbosch

Victoriastraat 37, Stellenbosch

Telefoon: 021 808 4707 /
021 808 4994 (kantoorure)

Tygerberg

Wanneer jy voor die hoofingang van die Onderwysgebou staan, draai links na die sy-ingang vir gestremde persone. Die SSVO-kantoor (nr. 0073) is aan die regterkant, voor jy by die glasdeure vir gestremde persone kom.

Telefoon: 021 927 7020 (kantoorure)
Webwerf: www.sun.ac.za/ssvo



BELANGRIKE *nota*

Die SSVO bedryf 'n 24-uur nooddiens in samewerking met ER24 (kontak 010 205 3032 na-ure en oor naweke).

In 'n noodgeval gedurende kantoor-ure, kontak asseblief die SSVO-kantoor by 021 808 4994, of per e-pos aan supportus@sun.ac.za.

KAMPUSGESONDHEIDSDIENS

Die Universiteit Stellenbosch Kampusgesondheidsdiens (KGD) bied 'n geïntegreerde en toeganklike gesondheidsdiens vir studente en personeel, en het ook 'n toegeruste apteek. KGD ondersteun die Universiteit se welstandsinisiatief vir studente en personeel en hul dienste word op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus gelewer.

Die dienste by die KGD sluit in:

- Huisartskunde (waaronder primêre gesondheidsorg)
- Gesondheidsbevordering en voorkomende geneeskunde
- Reisgeneeskunde
- Sport- en oefenings-geneeskunde
- Beroepsgesondheid



VERVOER OP US-KAMPUSSE

Jy kan van punt A na punt B in en om die kampus kom sonder 'n motor. Dit sal nie net help om koolstofuitlatings te verminder nie, maar sal ook help om die aantal voertuie op kampus en parkeringsprobleme aan te spreek.

STAP

Langs verskeie voetgangersroetes.

FIETSRY

Gebruik 'n Matie-fiets of jou eie fiets. Jy kan gratis registreer om toegang tot US-fietskure te kry deur 'n e-pos te stuur na fiets_bike@sun.ac.za.

SLUIT AAN 'N BESTAANDE RY-KLUB

Of skep jou eie ry-klub. Jy sal geld bespaar en die omgewing beskerm, en jy hoef nie parkeerplek op die kampus te soek nie.

PARKERING

Parkering is beperk. Indien jy geen ander alternatief as 'n motor het nie, doen asseblief aansoek om toegang tot parkering.



VERVOER OP STELLENBOSCH- KAMPUS

Gebruik die kampuspendeltuig. Verskeie pendeldienste is beskikbaar. Maak seker jy kies die regte een.

DAG-PENDEL

Werk van Maandag tot Vrydag tussen 07:00 en 17:30. Vaste tye en roetes, vaste optel- en aflaaipte word op die webwerf hieronder aangedui. Die diens hardloop tussen algemene parkeerareas op die grense van die kampus en sentrale kampus.

NAG-PENDEL

Vir studente wat tot laat in die nag studeer, werk dit van Maandag tot Sondag uurliks tussen 18:00 en 02:00. Die diens loop vanaf die hoofingang van die Neelsie binne 'n radius van 6km na privaat behuising in die breër dorp.

VERVOER OP TYGERBERG-KAMPUS

STAP

Langs verskeie voetgangerroetes.

SLUIT AAN 'N BESTAANDE RY-KLUB

Of skep jou eie ry-klub. Jy sal geld spaar en die omgewing beskerm, en jy hoef nie parkeerplek op die kampus te soek nie.

PARKERING

Parkering is beperk. Indien jy geen ander alternatief as motor het nie, doen asseblief aansoek vir toegang tot parkering.

TYGERBERGSE PENDELDIENS

Verskaf vervoer na 'n nabygeleë winkelsentrum en na privaat behuising binne 'n radius van 6 km, op vasgestelde tye.

Besoek www.sun.ac.za/mobility-shuttles vir meer inligting.



BELANGRIKE NOTA

Jy moet jou reis aanlyn bespreek by my.sun.ac.za, om van die diens gebruik te maak.

NEEM JOU VEILIGHEID ERNSTIG OP

Studente moet dieselfde veiligheidsmaatreëls in Stellenbosch tref as elders in Suid-Afrika. Duisende selfone, rekenaars en voertuie lok misdadigers.

VOLG HIERDIE WENKE:

- Moet nooit alleen loop nie, veral in die nag. Beplan om in groepe te stap, gebruik die pendeldiens of vra sekuriteit om jou te begelei.
- Hou jou foon en waardevolle besittings buite sig van ander mense.
- Dra te alle tye 'n fluitjie en pepersproei om aandag te kan trek indien nodig. Misdadigers haat aandag.
- Kies die veiligste roete, al is dit nie die kortste nie. Victoriastraat en Bosmanstraat moet die kern van jou roete wees. Snags is 'n sekuriteitsbeampte aan diens in die mobiele sekuriteitskiosks.
- Vermyn geïsoleerde areas, veral wanneer jy vroeg in die oggend of laat in die middag oefen.
- Wees bewus van jou omgewing, aangesien misdadigers verkies om iemand te teiken wat nie bewus is van sy/haar omgewing nie.
- Hou 'n veilige afstand as 'n motoris vir aanwysings vra.
- As jy vermoed dat iemand jou dalk volg, verander van rigting.
- Wees 'n sorgsame Matie: vergesel 'n vriend.
- Eiendom op 'n motorsitplek is aanloklik vir 'n dief. Sluit dit in die kattebak.



Voetganger- begeleidingsdiens

As jy tussen kampusgeboue of van 'n gebou na jou motor moet beweeg na donker (19:00 tot 05:00), sal 'n sekuriteitsbeampte van Kampus-sekuriteit saam met jou stap. Wanneer jy in Stellenbosch is, skakel 021 808 4891 of alternatiewelik 021 808 4202, en wag vir 'n beampte om by jou aan te sluit. Jy kan ook die Kampus-sekuriteitskantoor WhatsApp by 082 808 2333 om die diens aan te vra. Neem asseblief kennis dat stem-oproepe na hierdie nommer nie moontlik is nie.

'n Voetganger-begeleidingdiens is ook op Tygerberg-kampus beskikbaar. WhatsApp die Tygerbergse sekuriteitskantoor by 083 938 1841.

Hieronder is ander noodnommers om byderhand te hou vir die:

STELLENBOSCH-KAMPUS:

Stellenbosch 24-uur noodgevalle	021 808 2333
Tolvrye nommer	0800 02 58 27
WhatsApp-voetgangerdiens	082 808 2333
Algemene navrae	021 808 4202

TYGERBERG-KAMPUS:

Tygerberg 24-uur noodgevalle	021 938 9507
Tolvrye nommer	0800 00 67 67
WhatsApp-voetgangerdiens	083 938 1841

Besoek www.sun.ac.za/veiligheid vir meer inligting.



MATIES SPORT

Jy! Ja, jy!

Het jy sport op skool gedoen? Oorweeg jy om by 'n sportklub by die Universiteit Stellenbosch aan te sluit? Doen dit! Ons bied selfs 'n Esports-liga aan. En as sport nie jou ding is nie, kan jy steeds deel wees van die Maroenmasjien: Like en volg ons op Facebook, Twitter en Instagram en word deel van die groter Maties Sport-familie.

Maties Sport glo sport is 'n groot bydraer tot studente-sukses – ongeag of jy 'n hoëprestasie-atleet is of iemand wat net aktief en gesond wil wees.

Deelname aan sport leer selfdisipline en tydsbestuur en bied deurslaggewende uitlaatklepe vir stres en spanning. Beide mededingende en ontspanningsport bied studente geleentheid om te sosialiseer, vriendskappe te ontwikkel en 'n gesonde en gebalanseerde leefstyl te handhaaf. Maties Sport aanvaar medeverantwoordelikheid vir die optimale holistiese ontwikkeling van studente-atlete en die bemagtiging van hoëprestasie-atlete.

Daarom belê Maties Sport in sy hoëprestasie-sportkodes sowel as sy ontspannings- en aktiewe leefstylprogram – wat ALLE studente die geleentheid bied om aan 'n gesonder en gelukkiger leefstyl deel te neem.

Maties Sport het **32 sportklubs**, wat dit maklik maak om 'n sport te vind wat by jou behoeftes en vaardigheidsvlak pas.

Hoëprestasie-sportkodes is: rugby, hokkie, netbal, sokker, atletiek, swem, krieket en basketbal. Mededingende sportkodes is: fietsry, esport, tennis, tafeltennis, muurbal, pluimbal, gholf, gimnastiek, roei, kanovaart, seil, waterpolo, heining en skaak. Ontspanning en aktiewe leefstylsportkodes is: perdesportklub, onderwatersport, judo, taekwondo, muurklim, toutrek, vlugbal, branderplankry, Ultimate (frisbee) en raseleiers. Die Maties-Parasportklub bied ook atletiek, swem en fietsry aan vir persone met gestremdhede.

Jy sal die geleentheid hê om aan plaaslike sowel as streeks-, nasionale en selfs internasionale kompetisies deel te neem, soos:

- Varsitybeker, Varsity Sport, Intervarsity en USSA
- Streeks- en plaaslike ligas
- Koshuisligas en kompetisies


Trek voordeel uit:

- Die Hoë Prestasie-sporteenheid
- Die Eenheid vir Ontspanning en Aktiewe Leefstyl (EOAL)
- Die Sentrum vir Sportleierskap



Telefoon: 021 808 4642
 E-pos: matiesport@sun.ac.za
 Webwerf: www.sun.ac.za/sport
 Facebook: @SUMatiesSport
 Twitter: @MatiesSport
 Instagram: @MatiesSport

TYGERBERGKAMPUS KAART EN INDEKS



KAARTSLEUTEL	GERIEWE
M Hoofdingang van Francie van Zijl-rylaan	TYGERBERG STUDENTESENTRUM (D8)
P Parkering	SWEMBAD (C9)
R Rolstoel-toegang	SPORT/KLUBHUIS (C3)
	TENNISBANE (D9)
	TENNIS/NETBALBANE (E8)
	EKO-STAPROETE (E4)
	KAMPUS DRAFROETE
AKADEMIESE GEBOU	KOSHUISE
KLINIESE GEBOU (D5)	HUIS KERKENBERG (D1)
ONDERWYSGEBOU (C6)	HUIS NKOSI JOHNSON (D2)
FISANGEBOU (C4)	MEERHOFF (D3)
BIOMEDIESE NAVORSINGSINSTITUUT (BOUJTERREIN) (D5)	HUIS UBUNTU (E5)
UWK FAKULTEIT TANDHEELKUNDE (C6)	HIPPOKRATES (D8)
TYGERBERG HOSPITAAL (B6)	HUIS FRANCIEVAN ZIJL (D9)
	ELEKTIEWE STUDENTE-KOSHUIS (C9)

STELLENBOSCHKAMPUS

KAART EN INDEKS

ONDERSTEUNINGSDIENSTE

1	Administrasie, Blok A
2	Administrasie, Blok B
3	Administrasie, Blok C
4	US Biblioteek-biblioteek
5	Neelsie Studentesentrum
	Jan Mouton Leersentrum
6	Kampussekuriteit
7	Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies
8	Sentrum vir Studentevoortligting en -ontwikkeling: Ontvangs
9	Ontwikkelingskantoor
10	Loopbaanekantoor
11	Akademie Voorligting en Loopbaan-ontwikkeling
12	Terapie en Persoonlikheidsontwikkeling
13	Akademie Steun
14	Sentrum vir Onderrig en Leer
15	Kampusgesondheidsdiens
16	Maties Sport
17	Coetzenburg Sentrum
18	Ou Konservatorium
18	Buro vir Ekonomiese Ondersoek
19	US Kunstgalerie
20	Eben Dönges-sentrum (Sasol Kunsmuseum)
21	Telematiese Dienste
22	Taalsentrum (Crozierstraat-huise)
23	WAT, Banghoekweg 115
24	Matie Gemeenskapsdiens, Lückhoff Skool
25	US Voertuigvloot
26	Regshulpkliniek
27	IT Studentehulpentrum
28	TAS-IT
29	Informasietegnologie
30	Fasiliteitsbestuur
31	Aankope en Voorsieningsdienste

SPORTGERIEWE

33	Danie Craven Stadion
34	Coetzenburg Atletiekstadion
35	Coetzenburg Tennisbane
36	PSO Klubhuis
37	Hokkieklubhuis en -velde
38	Swembad
39	US Gimnasium
40	Koshuistennisbane
41	Ou Mutual Sportsentrum
42	Tennisbane
43	Heidehof Rugbyvelde

AKADEMIESE GEBOUE

44	Afrika Sentrum vir MIV- en Vigsbestuur
45	Voedselwetenskap
46	PO Sauer
47	Siviele Ingenieurswese
48	Elektriese / Elektroniese Ingenieurswese
49	Prosesingenieurswese
50	Meganiese en Bedryfsingenieurswese
51	Ingenieurswese, Algemeen
52	Kennissentrum
53	JC Smuts – Biologiese Wetenskappe
54	De Beers – Chemie
55	Mike de Vries
56	Chemie – eerstejaars
57	Anorganiese Chemie
58	CGW Schumann
59	Van der Sterr
60	Rekeningkunde en Statistiek
61	JS Marais
62	Polimeerwetenskap
63	Visuele Kunst
64	JH Neethling
65	Al Perold
66	Merensky
67	Wiskundige Wetenskappe en Bedryfsielkunde
68	Kweekhuis
69	Natuurwetenskappe
70	Kamer van Mynwese
71	Krotoa Gebou
72	Ou Hoofgebou
73	Adam Small-teater
74	CL Marais-biblioteek

AKADEMIESE GEBOUE

75	Joernalistiek
76	Opvoedkunde Gebou
77	Lettere en Sosiale Wetenskappe
78	Lombardi
79	Konservatorium (Universiteitskoor)
80	Teologiese Kweekskool
81	Paul van der Bijl-laboratoria
82	Welgevalle Proefplaas
83	Agronomie
84	Sportwetenskap
67	Wiskundige Wetenskappe en Bedryfsielkunde
68	Kweekhuis
69	Natuurwetenskappe
70	Kamer van Mynwese
71	Krotoa Gebou
72	Ou Hoofgebou
73	Adam Small-teater
74	CL Marais-biblioteek
75	Joernalistiek
76	Opvoedkunde Gebou
77	Lettere en Sosiale Wetenskappe
78	Lombardi
79	Konservatorium (Universiteitskoor)
80	Teologiese Kweekskool
81	Paul van der Bijl-laboratoria
82	Welgevalle Proefplaas
83	Agronomie
84	Sportwetenskap

DAMES KOSHUISE

85	Huis Neethling
86	Monica
87	Harmonie
88	Heemstede
89	Huis ten Bosch
90	Lydia
91	Minerva
92	Nerina
93	Erica
94	Nemesia
95	Serruria
96	Tinie Louw-eetsaal

96	amaMaties-hub
97	Sonop (Huis van Niekerk)
98	Irene

MANSKOSHUISE

99	Eendrag
100	Helshoogte
101	Simonsberg
102	Huis Visser
103	Huis Marais
104	Dagbreek
105	Majuba
106	Wilgenhof
107	Helderberg

MANS-EN-DAMESKOSHUISE

108	Nuwegenerasiekoshuis
109	Metanoia
110	Academia
111	Concordia
112	Goldfields
113	Huis McDonald

UNIVERSITEITSHUISE EN WOONSTELLE

114	Lobelia
115	Crozierhof
116	Huis de Villiers
117	Waldenhof

LUISTER, LEEF EN LEER

118	LLL-dorp LLL-huise
-----	----------------------

FAKULTEITE EN DEPARTEMENTE

Afrikaans en Nederlands	77
Afrikatale	77

AGRIWETENSKAPPE

45, 46, 53, 55, 61, 64, 78,81-83

Aardwetenskappe	70
Agronomie	83
Algemene Taalwetenskap	77
Antieke Studie	77
Bedryfsielkunde	67
Bewaringsekologie en Entomologie	61
Biochemie	53
Bos- en Houtkunde	46
Chemie en Polimeerwetenskap	54-57, 62
Drama	73

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

58-60, 67

Engels	77
Filosofie	77
Fisika	66
Fisiologiese Wetenskappe	55
Genetika	53
Geografie en Omgewingstudie	70
Geskiedenis	71
Grondkunde	78
Hortologie	78

INGENIEURSWESE

47-52

Inligtingwetenskap	77
Instituut vir Wynbiotegnologie	64
Instituut vir Plantbiotegnologie	69
Joernalistiek	75
Landbou-ekonomie	61

LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

63, 70, 71,73, 75, 77, 79

Maatskaplike Werk	77
Mikrobiologie	53
Moderne Vreemde Tale	77
Musiek	79

NATUURWETENSKAPPE

51, 53-57, 59, 62, 65, 66,69, 70

Ondernemingsbestuur	58
Openbare en Ontwikkelingsbestuur	59

OPVOEDKUNDE

76, 84

Plant- en Dierkunde	69
Plantpatologie	78
Politieke Wetenskap	77

REGSGELEERDHEID

72

Rekenaarwetenskap (Wisk. Wet.)	51
Rekeningkunde	59
Sielkunde	71
Sosiologie en Sosiale Antropologie	77
Sportwetenskap	84
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	60


TEOLOGIE

80

Toegepaste Wiskunde	51
Veekundige Wetenskappe	55
Visuele Kunst	63
Voedselwetenskap	45
Wingerd- en Wynkunde	64
Wiskunde (Wiskundige Wetenskappe)	67



Skandeer
QR-kode na
interaktiewe
kampus kaart



Feiteblad vir selfbegeleide toer

Kitsfeite



35 538
studente



21 258
voorgaads



10 381
nagraads



10
fakulteite

AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, Teologie, en Krygskunde



Universiteits-huisvesting
7 756
studente



Privaat verblyf/pendel
24 779
studente

5
kampusse





'n PAAR interessante plekke langs die pad

Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) (nr 8)

Die SSVO bied sielkundige, ontwikkelings- en loopbaanbeplanningsdienste aan bestaande én voornemende studente om 'n ingeligte en sielkundig gesonde US-gemeenskap te bevorder. Die werksaamhede van die SSVO kan losweg ingedeel word in die sewe kategorieë van (i) akademiese voorligting, (ii) beroepsvoorligting en -ontwikkeling, (iii) individuele en/of groepterapie, (iv) kontemporêre ontwikkelingssessies, (v) bystand vir studente met spesiale leerbehoefte, (vi) konsultasies en opleiding, en (vii) toesig oor sielkunde-interns.

Die diensaanbod, waaronder groep- en individuele terapie, is meestal gratis vir alle geregistreerde US-studente. Fooie word gehef vir psigiatriese konsultasies sowel as vir sekere werksessies en beroepsvoorligting.

Neelsie en Rooiplein (nr 5)

Die **Neelsie**, oftewel die **Langenhoven-studentesentrum**, heet na die Afrikaanse skrywer en US-alumnus CJ Langenhoven. Die sentrum bied 'n aantal koffiewinkels en wegneemrestaurante (waaronder halaalopsies), avontuur- en reiswinkels, gesondheid- en skoonheidswinkels, boekwinkels, 'n geriefswinkel, 'n klerewassery, klereboetieks, heelwat geskenkwinkels en verskeie akademiese en sakedienste. Standard Bank, Absa, Nedbank en FNB het ook takke in die Neelsie.

Die **Rooiplein** is die sosiale bymekaarkomplek vir studente. Dit is ook waar jy *Die Kring* sal aantref. Dié kunsinstallasie van brons beeld agt vrouefigure uit wat die toekoms van Suid-Afrika en die leiers van die verlede, hede en toekoms simboliseer.

US Biblioteek (nr 4)

Die US Biblioteek is een van die grootste ondergrondse biblioteke ter wêreld en spog met 'n vloerruimte van sowat 17 000 m², wat gelykstaande is aan drie rugbyvelde.

Toe die biblioteek in die 1980's gebou is, was daar 'n tekort aan sentraal geleë grond, en dus is daar op die ondergrondse ligging vir die fasiliteit besluit. Sodoende het die geskiedenis en estetika van die geboue rondom die Rooiplein ook ongeskonde gebly.

Die US Biblioteek bied nagenoeg 1,2 miljoen fisiese bundels, splinternuwe studie- en leesareas, 1 600 studiehokkies, nege seminaarkamers, 'n Leersentrum wat spesifiek op voorgraadse studente afgestem is, die Carnegie Navorsingsentrum en 'n ouditorium.

Fakulteit Opvoedkunde (nr 76)

Ons Fakulteit Opvoedkunde streef daarna om 'n plaaslike en internasionale onderwysleier te wees, en om onderwysuitdagings – veral dié in Suid-Afrikaanse verband – te help hanteer. Ons navorsing sluit onderwys sowel binne as buite die skoolomgewing in en probeer sinergie skep tussen onderrig, navorsing en gemeenskapskaking.

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe (nr 77)

Ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bestaan uit 18 departemente. Dié departemente verteenwoordig die drie breë dissiplinêre groepe Lettere (waaronder Drama, Musiek en Visuele Kunste), Tale, en Sosiale Wetenskappe (soos Sielkunde, Geografie, Geskiedenis, Joernalistiek, Politieke Wetenskap, en Sosiologie en Sosiale Antropologie).

Akademiese Administrasie (Admin A) (nr 1)

Admin A bestaan uit die diensafdelings Beurse en Lenings, Eksamens, Kursusse, Roosters, die Raad- en Senaatsekretariaat, Studente-inligtingstelselondersteuning (SISO), Toelating, en die Kontak- en Kliëntedienssentrum.

Fakulteit Regsgeleerdheid (nr 72)

Ons Fakulteit Regsgeleerdheid is geleë in die Ou Hoofgebou, in die hartjie van Stellenbosch, op die hoek van Victoria- en Ryneveldstraat. Die gebou is in 1886 ingewy om die 200ste bestaansjaar van die dorp te gedenk.

Die Regskliniek in Crozierstraat is 'n integrale deel van die Fakulteit Regsgeleerdheid. Hierdie volwaardige prokureurskantoor lewer regsdiens aan gemarginaliseerde gemeenskapslede, en bied finalejaarregstudente en kandidaatprokureurs terselfdertyd waardevolle blootstelling aan die praktiese toepassing van die reg.

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (nr 58-60 | 67)

Ons Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bied 'n wye verskeidenheid grade, van Rekeningkunde en Bedryfsielkunde, tot Statistiek en Aktuariële Wetenskap.

Die Suid-Afrikaanse sakektor kort dringend beroepslui met die vaardighede én innoverende idees om in plaaslike en internasionale markte mee te ding. Met sy sterk finansiële en bestuursbenadering is dit presies die tipe gegradueerde wat die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe oplewer.

Fakulteit AgriWetenskappe (nr 45, 46, 53, 55, 61, 64, 78, 81–83)

Ons Fakulteit AgriWetenskappe word as die beste landboufakulteit in Afrika en een van die voorste 50 in die wêreld beskou. Dit help voorsien in die behoefte aan 'n nuwe geslag denkers wat werklike probleme soos voedselonsekerheid, armoede, omgewingsvolhoubaarheid en klimaatsverandering in ons land, op ons vasteland en in die res van die wêreld die hoof kan bied.

AgriWetenskappe se programme word op kampus sowel as by die Welgevallen-proefplaas aangebied, wat die volmaakte kombinasie bied vir diegene wat in die wetenskap én die buitelewe belang stel.

Fakulteit Natuurwetenskappe (nr 51, 53–57, 59, 62, 65, 66, 69, 70)

Betree die wonderwêreld van die wetenskap by ons Fakulteit Natuurwetenskappe, wat met meer as 100 jaar se onderrigervaring spog. Kies uit 'n wye verskeidenheid graadprogramme – van Plant- en Dierkunde tot Rekenaarwetenskap, Aardwetenskappe, of Chemie en Fisika.

Het jy geweet? Die US is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat 'n BSc-graad oor materiaaltegnologie uit 'n chemie- en polimeeroorgpunt aanbied.

Fakulteit Ingenieurswese (nr 47–52)


Ons Fakulteit Ingenieurswese is in 1944 tot stand gebring en is een van ons vlagskipfakulteite. Dit bied moderne, hipertegnologiese onderrig- en leerfasiliteite, sy eie fakulteitsbiblioteek en 'n kafeteria.

Ingenieurswese het onder andere 'n hidrouliese laboratorium van 3 000 m² – die grootste in Suid-Afrika. Dit is ook die enigste fakulteit van sy soort in die suidelike halfrond waar mikrosatelliete ontwerp en gebou en daarna die ruimte ingestuur is.

US Botaniese Tuin (langs nr 18)

Ons eie Botaniese Tuin in die geskiedkundige hartjie van Stellenbosch is die oudste botaniese tuin by 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Die kompakte tuin bevat 'n wye verskeidenheid plante, sowel inheems as uitheems. Boonop is die Katjiefiering-restaurant 'n stil en rustige plek om iets ligs te geniet en jou in die pragtige omgewing te verlustig.

Dankie dat jy by ons aangesluit het. Gaan na www.maties.com vir die heel jongste inligting oor studie aan die US en oor sowel aanlyn as kontakgeleenthede.



Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids- wetenskappe (nie op hierdie kaart nie)

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is in 1956 gestig en is een van die voorste fakulteite vir mediese studie in Afrika. Departemente en afdelings sluit in Geneeskunde, Fisioterapie, Arbeidsterapie, Voeding, Spraak-Taal- en Gehoortherapie, en Verpleeg- en Verloskunde.

Dit is geleë langs die Tygerberg akademiese hospitaal op die US se Tygerbergkampus.

Aansoeke vir 2024 nou oop

Om jou vir 'n loopbaan voor te berei is
'n ontdekkingsreis waarop ons saam
vorentoe beweeg.

Wees trots op #wiejyword

Sluitingsdatum
31 Julie 2023

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Doen vandag aansoek



www.maties.com | +27 (0) 21 808 9111 | info@sun.ac.za



Volg ons

-  [stellenboschuniversity](https://www.facebook.com/stellenboschuniversity)
-  [StellenboschUni](https://twitter.com/StellenboschUni)
-  [stellenboschuni](https://www.instagram.com/stellenboschuni)
-  [StellenboschUni](https://www.youtube.com/StellenboschUni)

Kliëntedienssentrum:

Telefoon: +27 21 808 9111
E-pos: info@sun.ac.za



+27 61 729 8858